02 Des

Uitgawe 2009/12/02

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. (**2 Pet.3:9**). Vertwyfeling sluip maklik in as ons nie die belofte van God sien manifesteer in die tyd wat ons daaraan gekoppel het nie, ons hou selfs op om aan te hou droom aan dit wat God in ons harte geplaas het. Ons kan nie die belofte van God binnegaan nie, oor ons ongeloof. (**Heb.3:19**). Dit is belangrik dat ons die droom in ons hart "aan die lewe hou" deur in God se Woord te glo en om Sy Woord te verklaar. ***Vader ons erken dat ons baie keer te gou tou opgooi. Ons wil langdurigheid leer deur elke moeilike ervaring wat ons deurmaak. Skenk ons asseblief die genade om toe te laat dat U die volkome werk in ons lewens doen.***

Deurbraak : Bereik een op 'n slag

'n Sendeling van *International Mission Board (Southern Baptist)* wat met 'n onbereikte groep in Sentraal-Asië werk was opsoek na "goeie grond" waar hy die evangelie kan verkondig, maar hy het getwyfel toe hy "Bruce" (van die onbereikte groep) gehuur het om vir hom te werk. Bruce het by die sendeling gewerk en hulle het goeie vriende geword. Bruce het sy nuwe vriend begin vertrou en vertel dat hy deur 'n moeilike tyd gaan: sy vader het onlangs gesterf hy het huweliksprobleme gehad en hy het kwaai gedrink. Bruce het die sendeling vertel dat sy pa nog altyd 'n kopie van die Nuwe Testament wou gehad het. Die sendeling het hom geantwoord dat hy een besit en dit met hom sal deel. Bruce was ontvanklik vir al die verhale van Jesus. Bruce het vrae gevra soos: "Hoe kan ek my huwelik laat werk? Hoe kan ek ophou drink?" Bruce se vrae het hom na Jesus gelei. Bruce se keuse om Jesus te volg het die sendeling se hart verbly. Nadat Bruce sy vertroue in Jesus geplaas het, het die gewoontes in sy lewe ook verander. (*Global Prayer Digest*, E-mail: GPDMOD@wciu.edu0, 13/11/09). ***Vra God om die lewens en getuienis van Bruce en ander in sy mensegroep te gebruik om hul Moslem bure te bereik vir Jesus. Bid dat alle pogings van Satan om God se werk te belemmer gestuit sal word.***

Bid vir jou gemeenskap : Dissipline

'n Studie toon dat kinders wat "tawwe liefde" ontvang – 'n kombinasie van warmte en dissipline – van ouers het die beste kans om goed te doen in hul lewe. Die die studie het gevind dat die styl van ouerskap, nie die ekonomiese agtergrond, is die belangrikste faktor wat bydrae tot die kind se ontwikkeling van positiewe kwaliteite soos selfbeheersubg, empatie en deursettingsvermoë. Die neiging is ook dat kinders wie se ouers getroud is se kanse twee keer beter is om hierdie karaktereienskappe te toon as ander wie saam met stief-families en enkelouers bly. (Webruimte: http://www.christian.org.uk/news/the-best-parents-balance-discipline-with-love-study/, 13/11/09). ***Bid asseblief vir die besef, van 'n gebalanseerde manier van dissipline, is belangrik vir die welsyn van kinders.*** (**Deut.11:19**).

Suid-Afrika : Veiligheid op die paaie

Aangesien ons nou die sluiting van die skole vir die Desember vakansie nader, is dit tyd vir *Highway Ministries* om ekstra pogings aan te wend vir nuwe gebedspunte en om gebedspatrollies regoor die land uit te brei en om bestaande patrollies aan te moedig vir 'n nuwe poging om intersessors te mobiliseer om teen dood op die paaie te bid. Daar is 46 plekke van gebed van Kaapstad tot Mussina, Port Elizabeth tot Kimberley tot Vanrhynsdorp. Besoek www.highwaymin.co.za vir enige addisionele inligting. (E-pos: highwaymin@lantic.net, 12/11/09). ***Bid vir veiligheid op die paaie van Suid-Afrika tydens die vakansie. Bid dat bestuurders nie onder die invloed sal bestuur of wanneer hul moeg is nie. Bid vir alle werkers (verkeersbeamptes, polisiemag, assistente by tolhekke, ens.) wat bestuurders sal assisteer om 'n veilige reis te hê.***

Internasionaal : Guatemala

'n Onlangse verslag het getoon dat meer as 10 kinders weekliks in Guatemala sterf weens geweld, 52% is van skietwonde. Bende kultuur en dwelmverslawing is algemeen en daar is 'n gemiddeld van 17 moorde per dag in die land, meeste kan toegeskryf word aan jeugbendes en georganiseerde misdaad. Nege-en-twintig persent van kinders tussen die ouderdom van vyf tot veertien is betrokke by kinderarbeid en word uitgestuur om te gaan werk in moeilike en gevaarlike omstandighede. *Early Encounters,* 'n *Viva* projek in vennootskap met *Toybox* reik uit na families wie se kinders moontlik op straat kan beland. Hulle werk ook met kinders wat nog nie lank op die straat woon nie en nog moontlik kontak het met hul familie, met die poging om hul te herenig met familie en vriende. (E-pos: pray@viva.org, 09/11/09). ***Dank die Here vir 'n program soos Early Encounters en die sukses wat hul sover gesien het in Guatemala. Dit word beraam dat bykans 200 kinders aktiwiteite bywoon wat deur die projek aangebied word, en sowat 100 is van die straat gered deur die loop van die jaar. Bid vir die sukses van die projek. Bid vir verhoudings om te vorm tussen families en projek werkers, sodat meer families deur Early Encounters bereik kan word om te voorkom dat kinders op straat beland.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com